


# NUUSBULLETIN

**MAART 2023**

# NEWS BULLETIN

**MARCH 2023**

---

## MAANDELIKSE PRAATJIE

**Maandag 27 Maart 2023 @ 10:00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

---

### FILOSOFIE: LEWENSLESSE

**Martin Groenewald**

'n Vlugtige oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van filosofie deur die eeue om agtergrond te kry en om te herken watter rol filosofie vandag in elke mens se lewe speel.

---

Martin is ‘n afgetrede bedryfsingenieur met werkservaring in die mynbedryf en die yster en staal nywerheid en het in die laaste 25 jaar van sy beroepsloopbaan in die suiwelbedryf senior uitvoerende posisies beklee.

Hy het vir 15 jaar in die Midde Ooste en in Libië gewerk.

Hy het nagraads sy MBA en M.Phil (Besigheids Etiek) grade verwerf. Na aftrede het hy as konsultant gewerk vir oorsese suiwel maatskappye. Hy is ook 'n internasionaal geakkrediteerde bemiddelaar vir besigheid en finansiële konflikte.

---

Martin sal Afrikaans en Engels praat, die PowerPoint is in Engels.

## MONTHLY MEETING

**Monday 27 March 2023 @ 10:00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

---

### PHILOSOPHY: LESSONS FOR LIVING

**Martin Groenewald**

A quick overview of the origin and evolution of philosophy throughout the ages as a background to recognize the role that philosophy plays in our everyday lives.

---

Martin is a retired industrial engineer with experience gained in the mining industry and the the iron and steel industry and for the last 25 years of employment in die dairy industry, where he held senior executive positions.

The last 15 years of his career was spent in the Middle East and in Libya.

He acquired the MBA and M.Phil (Business Ethics) post graduate degrees. After retiring he did consulting work for overseas dairy companies. He is also an international accredited mediator for business and financial disputes.

---

Martin will speak in English and Afrikaans, the PowerPoint is in English.

---

## TAALGEBRUIK IN PRAATJIES.

Sommige lede het hul bekommernis uitgespreek dat ons onlangse praatjies meestal in Afrikaans was, en dat van ons Engels-sprekende lede nie hierdie praatjies kan verstaan nie. Die komitee het hierdie kwessie bespreek, en met inagneming van veskeie faktore rakende die situasie hier in Stilbaai, het ons die

## LANGUAGE USE IN TALKS.

Some members have expressed their concern that most of our recent talks were in Afrikaans only, and that some of our English speaking members cannot understand these talks. The committee discussed the issue and, taking into account several factors

taalbeleid wat ‘n aantal jaar gelede uiteengesit is, herbevestig.

Volgens Hessequa Munisiplaiteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir 2022, is 90.4% van die bevolking van Hessequa Afrikaans-sprekend, die res is meestal Engels-sprekend met 'n kleiner getal isiXhosa-sprekers. Dit is heelwaarskynlik die geval in Stilbaai ook, alhoewel die persentasie isiXhosa-sprekers is moontlik heelwat laer as in die res van Hessequa.

Dit is ook waar dat terwyl meeste Afrikaans-sprekers in Hessequa, indien nie almal nie, Engels heel goed kan verstaan, en die meerderheid van Engels-sprekendes Afrikaans kan verstaan, daar tog ‘n minderheid van Engels-sprekendes is wat nie Afrikaans magtig is nie.

Verder kan ons noem dat die samestelling van ons lede is ook min of meer 90% Afrikaans-sprekend en die res Engels-sprekend.

Teen hierdie agtergrond het die komitee U3A Stilbaai se taalbeleid as volg herbevestig:

1. Ons moedig aan die gebruik van beide Afrikaans en Engels in al ons kommunikasie middele, insluitende die maandelikse praatjies.

2. Vir ons maandelikse praatjies adviseer ons die spreker dat beide Afrikaans of Engels gebruik kan word, maar die finale besluit berus by die spreker – hulle gebruik gewoonlik die taal waarin hul meer gemaklik voel.

3. Ons beveel ook aan dat as die praatjie in Afrikaans is, hul die PowerPoint in Engels voorberei. Ons besef dit is nie altyd ideaal nie aangesien in baie gevalle wys die skuifie vertoning net hoogtepunte van die praatjie, maar, soos met die praatjie self, is dit vir die sprekers om te besluit oor hul taalvoorkeur vir die aanbieding.

4. Ons probeer sover moontlik ‘n balans kry tussen Engels- en Afrikaans-sprekende sprekers, maar dit is nie altyd moontlik nie want dit hang af van wie bereid is om ‘n praatjie te lewer.

Ons sal dit verwelkom as meer van ons Engels-sprekende lede sal aanbied om ‘n praatjie te lewer. Kontak ons gerus.

regarding the situation in Stilbaai, has reconfirmed the languge policy set out several years ago.

According to Hessequa Municipality’s Integrated Development Plan for 2022, 90.4% of the population of Hessequa is Afrikaans speaking, the remainder are mostly English speaking with a small number of isiXhosa speakers. This is most likely the case in Stilbaai as well, although the percentage of isiXhosa speakers are probably much lower than in the rest of Hessequa.

It is also true that while most, if not all, Afrikaans speaking people in Hessequa can understand English quite well, and the majority of English speakers can understand Afrikaans, there is a minority of English speakers who do not understand Afrikaans.

In addition we must mention that our membership is approximately 90% Afrikaans speaking and the rest English speaking.

Against this background the committee has reconfirmed U3A Stilbaai’s language policy as follows:

1. We encourage the use of both English and Afrikaans in all our communications, including the monthly talks.

2. For our monthly talks we advise the speaker that both English or Afrikaans may be used, but the final decision rests with the speaker – they usually address us in the language in which they are more comfortable.

3. We also recommend that if the talk is in Afrikaans, they prepare the PowerPoint in English, and vice versa if the talk is in English. We realize that this is not always ideal as in many cases the slide presentation only highlights the main points of the talk. But again, as with the talk itself, it is up to the speaker to decide the language preference of their presentation.

4. We try to get a balance between English and Afrikaans speaking speakers, but this is not always possible as it depends on who is willing to give us a talk.

We will appreciate it if more of our English speaking members will offer to give us a talk. Please contact us.

---

## LEDEGELDE & NAAMKAARTJIES 2023

Ledegelde vir 2023 bly steeds R30 per persoon vir die jaar. Betaling kan elektronies in ons bankrekening gemaak word [ABSA; U3A Stilbaai; Rek Nr 9321 782 429.; Spaarrekening], of u kan kontant by ons maandelikse vergadering betaal, of by ‘n byeenkoms van ‘n groep. Wanneer u elektonies betaal, gee

## MEMBERSHIP FEES & NAME TAGS 2023

Membership Fees for 2023 will remain at R30 per person for the year. Payment can be made by EFT into our bank account [ABSA: U3A Stilbaai; Acc No 9321 782 429; Savings Acc], or you can pay cash at our monthly meeting, or at a gathering of a group. When paying by EFT, please give your NAME as the

asseblief u NAAM as die Begunstigde se verwysing, maar stuur ons ook 'n e-pos om betaling te bevestig sodat ons dit kan aanteken – info@u3astilbaai.org.

Ons sal dit waardeer as u nie kontant betaal by die bank of OTM nie. Kontant betaling by die toonbank het 'n transaksiefooi van ongeveer R65 (jou R30 is nie eers helfte hiervan nie!), en inbetaling by 'n OTM kos ons meer as R10 in transaksiefooie.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Lidmaatskap vir 2023 moet voor 31 Maart 2023 hernu word. As u nog nie teen daardie datum hernu het nie, sal ons aanneem dat u as lid bedank en u naam sal van ons ledelys verwyder word.

U nuwe 2023 naamkaartjie sal nadat u betaal het uitgereik word, hierdie jaar se naamkaartjie het 'n geel agtergrond.

Huidige lede – bring asseblief jul kaarthouer vir die nuwe naamkaartjie.

Recipient's reference, but also send us an email to confirm payment just to make sure we record it – info@u3astilbaai.org.

It will be sincerely appreciated if you do not pay cash at the bank or ATM. Over the counter payments carry a transaction fee of about R65 (your R30 is not even half of this!) and paying at an ATM costs us more than R10 in transaction fees.

**PLEASE NOTE:** Membership for 2023 must be renewed before 31 March 2023. If you have not renewed by that date, we will assume you are resigning as member and your name will be removed from our membership list.

Your new 2023 name tag will be issued after you have paid, this year the name tag has a yellow background.

Current members – please bring your name tag holder for the new name tag.

## MISTERIEUSE BETALINGS

Ons het nog niks gehoor van of oor die onbekende betalings wat ons oor die afgelope maande ontvang het nie; dié was van "Lodewyk en Magdalena" (25 Jan), "Sandra" (6 Feb) en "Ledegelde U3A 2023" (20 Feb).

Ons aanvaar hierdie betalings as donasies met dank aan die onbekende donateurs.

## MYSTERY PAYMENTS

We have not heard from or about the mystery payments we received over the last months; these were from "Lodewyk en Magdalena" (25 Jan), "Sandra" (6 Feb) and "Ledegelde U3A 2023" (20 Feb).

We accept these payments as donations with thanks to the unknown donors.

## U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

Onthou asseblief dat die minimum koste vir deelname aan groep aktiwiteite is R5 per vergadering of uitstappie. R4 hiervan kan vir groep uitgawes aangewend word en word opgeskryf in 'n groepfonds, R1 gaan na algemene U3A fondse. (Nota: alle groepe het nie spesiale fondse nie, hierdie groepe se fooie gaan na U3A fondse).

- **Aandele Groep**: Die aandele groep hou gereeld samesprekings waar idees oor die aandelemark uitgeruil word. Kontak Deon Grobler by deonenelaine@gmail.com indien u wil aansluit.
- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com. Lees meer oor die groep op www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Botaniese Uitstappies**: Hierdie nuwe groep bestudeer interessante inheemse plante op

## U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

Please remember that the minimum cost of participating in any of the groups, is R5 per meeting or outing. R4 of this is used for group expenses and is recorded in the group's special fund, R1 goes to general U3A funds. (Note: not all groups have special funds, their group fees goes into U3A funds).

- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com Read about the group on www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Bird Group:** The Bird Group involves people interested in bird-watching, as well as co-ordinating the SABAP2 project in Hessequa. Contact Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.

uitstappies in die veld. Kontak vir Christina by stilbaai6674@gmail.com as u belangstel.

- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak. Meer inligting op www.u3astilbaai.org/photography.

- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjies wil aansluit. Lees oor die groep op www.u3astilbaai.org/neuroscience.

- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za. Inligting oor die groep is op www.u3astilbaai.org/hiking.

- **Voëlgroep**: Die Voëlgroep betrek mense wat belangstel in voëlkyk, en koõrdineer ook die SABAP2 projek in Hessequa. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

Onthou asseblief die Voëlgroep se vergadering vanaand, 15 Maart, om 19:00 in Die Waenhuis.

Please remember the Bird Group's meeting this evening, 15 March, at 19:00 in Die Waenhuis.

- **Botanical Walks**: This new group studies interesting indigenous plants during walks in the veld. Please contact Christina at stilbaai6674@gmail.com if you are interested.

- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za. Information about the group is on www.u3astilbaai.org/hiking.

- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks. Read more on www.u3astilbaai.org/neuroscience.

- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com. More information on www.u3astilbaai.org/photography.

- **Shares Group**: The share group holds regular discussions sharing ideas on the share market. Contact Deon Grobler at deonenelaine@gmail.com.

---

## AKTIWITEITS EKSPO – 22 MAART 2023

### Verveeld! Weet nie wat om te doen in Stilbaai nie?

Stilbaai Biblioteek reël weer 'n Aktiwiteits Ekspo in die Gemeenskap Saal. Gemeenskapsorganisasies en klubs is uitgenooi om deel te neem deur 'n uitstalling op die ekspo aan te bied wat meer vertel van hul aktiwiteite. Soos in die verlede neem U3A Stilbaai ook weer deel.

Die Ekspo is tussen **10:00 en 14:00 op Woensdag 22 Maart 2023** in die Gemeenskapsaal in Hoofweg-Wes. Kom maak gerus 'n draai daar en sien vir julself dat dit onmoontilik is om verveeld te wees in Stilbaai – u sal verbaas wees oor die veskeidenheid aktiwiteite waaraan mens hier kan deelneem.

## ACTIVITY EXPO – 22 MARCH 2023

### Bored! Do not know what to do in Stilbaai?

Stilbaai Library is again organising an Activity Expo in the Community Hall. Community organisations and clubs are invited to participate by presenting an exhibit that provides information about their activities. As in the past U3A Stilbaai is also participating.

The Expo is between **10:00 and 14:00 on Wednesday 22 March 2023** in the Community Hall in Main Road West. Do drop in and see for yourself that it is impossible to be bored in Stilbaai – you will be surprised by the variety of activities in which you can participate.

---

## 2023 MAANDELIKSE PRAATJIES

Die voorlopige program vir die volgende maande is hieronder.

<u>April 24</u>: Dr Pieter van Rooyen praat oor: "Frankryk en Suid Afrika. Wynkwaliteit en faktore wat dit beïnvloed."

<u>Mei 29</u>: Prof Rex van Vuuren gee 'n praatjie oor die betekenis van drome: "Ek het laasnag gedroom: Het drome betekenis?"

## 2023 MONTHLY TALKS

The provisional programme for the nextt few months is below.

<u>April 24</u>: Dr Pieter van Rooyen will talk about" "France and South Africa. Wine quality and influencing factors."

<u>May 29</u>: Prof Rex van Vuuren gives a talk on the meaning of dreams: "I dreamt last night: Are dreams meaningful?"

©2023. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.